

$$1. \text{ Persentasie bruto wins op verkope/omset} = \frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

2019

$$\frac{388\,854}{665\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 58,5\%$$

2018

$$\frac{400\,200}{667\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 60\%$$

$$2. \text{ Persentasie winsopslag op die kosprys} = \frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

2019

$$\frac{388\,854}{276\,180} \times \frac{100}{1}$$

$$= 140,8\%$$

2018

$$\frac{400\,200}{266\,800} \times \frac{100}{1}$$

$$= 150\%$$

3. • Die persentasie bruto wins op verkope verminder van 60% in 2018 tot 58,5% in 2019.
- The persentasie bruto wins op koste van verkope verminder van 150% in 2018 tot 140,8% in 2019.
- Albei verhoudings dui dus aan dat die onderneming in 2019 onder die winsmarge van die vorige jaar was.
- Dit kan om een van die volgende redes wees, en die onderneming moet dit ondersoek:
- Daar was gewone verkope teen afslagpryse om die voorraadomsetsnelheid te verhoog, of daar was mededinging in die mark.
 - Koste van verkope kon vermeerder het as gevolg van 'n verhoging in verskaffers se pryse.
 - Daar kon foute voorgekom het toe pryse bereken is op die brondokumente of in die joernale.
 - In die geval van die periodieke voorraadstelsel kan dit wees as gevolg van normale voorraadverliese soos diefstal of skade.

$$4. \text{ Persentasie netto wins op verkope} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

2019

$$\frac{168\,640}{665\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 25,4\%$$

2018

$$\frac{153\,418}{667\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 23\%$$

$$5. \text{ Persentasie bedryfsuitgawes op verkope} = \frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

2019

$$\frac{214\,244}{665\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 32,2\%$$

2018

$$\frac{238\,782}{667\,034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 35,8\%$$

$$6. \text{ Persentasie bedryfswins op verkope} = \frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

2019

$$\frac{195\ 610}{665\ 034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 29,4\%$$

2018

$$\frac{181\ 418}{667\ 034} \times \frac{100}{1}$$

$$= 27,2\%$$

7. • Die persentasie netto wins op verkope vermeerder van 23% in 2018 tot 25,4% in 2019.
- Die persentasie bedryfswins op verkope vermeerder van 27,2% in 2018 tot 29,4% in 2019.
- In albei hierdie verhoudings is 'n styging positief – dit dui aan dat die onderneming in 2019 meer doeltreffend gewerk het.
- Die persentasie bedryfsuitgawes op verkope verminder effens van 35,8% in 2018 tot 32,2% in 2019.
- Dit is goed. Dit dui aan dat die onderneming beter kontrole oor uitgawes gehad het en meer produktief was.
- Die onderneming sal ondersoek of hulle uitgawes in die toekoms verder kan beperk.
- Goeie beplanning en om binne die begroting te bly kan hierdie syfers verder verbeter.

$$8. \text{ Bedryfskapitaalverhouding} = \text{Bedryfsbates} : \text{Bedryfslaste}$$

2019

$$101\ 537 : 75\ 745$$

$$= 1,3 : 1$$

2018

$$60\ 536 : 60\ 424$$

$$= 1 : 1$$

$$9. \text{ Vuurproefverhouding} = (\text{Bedryfsbates} - \text{Voorraad}) : \text{Bedryfslaste of}$$

$$= (\text{Handels- en ander ontvangbare bedrae} + \text{Kontant en kontantekwivalente}) : \text{Bedryfslaste}$$

2019

$$(101\ 537 - 55\ 710) : 75\ 745$$

$$\text{Of } (44\ 577 + 1\ 250) : 75\ 745$$

$$= 45\ 827 : 75\ 745$$

$$= 0,6 : 1$$

2018

$$(60\ 536 - 28\ 252) : 60\ 424$$

$$(26\ 650 + 5\ 634) : 60\ 424$$

$$= 32\ 284 : 60\ 424$$

$$= 0,5 : 1$$

10. • Die bedryfskapitaalverhouding verbeter van 1 : 1 in 2018 tot 1,3 : 1 in 2019.
- Dit is relatief laag en die onderneming moet probeer om dit verder te verbeter sodat daar minstens TWEE bates vir elke EEN las is.
- Die vuurproefverhouding verbeter van 0,5 : 1 in 2018 tot 0,6 : 1 in 2019.
- Hoewel daar 'n verbetering is, is dit ook relatief laag. Hulle moet probeer om hierdie verhouding tot minstens 1 : 1 te verbeter.
- Die bankoortrekking toon likiditeitsprobleme en het 'n negatiewe invloed op die verhouding.
- Hierdie verhoudings dui aan dat die onderneming mag sukkel om hulle korttermynverpligtinge na te kom. Hulle moet aanhou probeer om hierdie verhoudings te verbeter.

$$\begin{aligned}
 11. \text{ Voorraadomsetsnelheid vir 2019} &= \frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}} = \text{keer per jaar} \\
 &= \frac{276\ 180}{\frac{1}{2}(55\ 710 + 28\ 252)} \\
 &= \frac{276\ 180}{41\ 981} \\
 &= 6,6 \text{ keer per jaar}
 \end{aligned}$$

Kommentaar

- Die voorraadomsetsnelheid verminder van 9 keer per jaar in 2018 tot 6,6 keer per jaar in 2019.
- Die onderneming moet probeer om hulle voorraadomsetsnelheid te verhoog aangesien dit steeds 'n positiewe invloed op die likiditeitsverhouding sal hê.

$$\begin{aligned}
 12. \text{ Voorraadhouingstydperk} &= \frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times 12 \\
 &= \frac{\frac{1}{2}(55\ 710 + 28\ 252)}{276\ 180} \times 12 \\
 &= \frac{41\ 981}{276\ 180} \times 12 \\
 &= 1,8 \text{ maande}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 \text{OF} \quad &\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times 365 \\
 &= \frac{\frac{1}{2}(55\ 710 + 28\ 252)}{276\ 180} \times 365 \\
 &= \frac{41\ 981}{276\ 180} \times 365 \\
 &= 55 \text{ dae}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 13. \text{ Gemiddelde debiteure-invorderingskedule} &= \frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \\
 &\times \frac{365}{1} \\
 &= \frac{\frac{1}{2}(43\ 660 + 25\ 210)}{354\ 130} \times \frac{365}{1} \\
 &= \frac{34\ 435}{354\ 130} \times \frac{365}{1} \\
 &= 35,5 \text{ dae}
 \end{aligned}$$

Kommentaar

- Die gemiddelde debiteure-invorderingskedule verbeter van 40 dae in 2018 tot 35,5 dae in 2019.
- Dit kan een van die redes wees waarom daar 'n verbetering in likiditeit is.
- Die beheer oor krediet is egter steeds nie baie goed nie – hulle kan probeer om skulde binne 30 dae in te vorder.

- Maniere om skuldinvordering te verbeter, kan wees:
 - Hef rente op agterstallige rekeninge.
 - Staan korting toe vir vroegtydige betalings.
 - Pas kredietbeperkings (-limiete) toe – 'n klant moet eers 'n rekening betaal voordat verdere aankope gedoen mag word.

$$14. \text{ Gemiddelde krediteure-betalingskedule} = \frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaanlope}} \times \frac{365}{1}$$

$$\frac{\frac{1}{2}(25\ 000 + 32\ 100)}{212\ 472} \times 365$$

$$= \frac{28\ 550}{212\ 472} \times 365$$

$$= 49 \text{ dae}$$

Kommentaar

- Die gemiddelde krediteure-betalingskedule vermeerder van 36 dae in 2018 tot 49 dae in 2019.
- Die onderneming moet met krediteure onderhandel vir 'n langer betaalperiode van tussen 60 en 90 dae.
- Hulle behoort egter steeds seker te maak dat hulle hul krediteure betyds betaal om te voorkom dat rente op agterstallige rekeninge gehef word, en sorg dat hulle van kortings gebruik maak.

$$15. \text{ Solvabiliteitsverhouding} = \text{Totale bates} : \text{Totale laste}$$

2019	2018
735 207 : (105 000 + 75 745)	716 036 : (125 000 + 60 424)
= 735 207 : 180 745	= 716 036 : 185 424
= 4,1 : 1	= 3,9 : 1

Kommentaar

- Die solvabiliteitsverhouding verbeter van 3,9 : 1 in 2018 tot 4,1 : 1 in 2019.
- Die solvabiliteit is goed. Vir elke 1 las is daar 4,1 bates.
- Bates oorskry laste.

$$16. \text{ Skuld: ekwiteit-verhouding} = \text{Langtermynlaste} : \text{Eienaarsbelang}$$

2019	2018
105 000 : 554 462	125 000 : 530 612
= 0,19 : 1	= 0,24 : 1

Kommentaar

- Die skuld: ekwiteit-verhouding verbeter effens van 0,24 : 1 in 2018 tot 0,19 : 1 in 2019.
- Die onderneming is laag gerat en kredietwaardig – die finansiële risiko is laag.
- Eie kapitaal is meer as vreemde kapitaal.
- Hulle sal vir 'n bykomende lening kan aansoek doen – hulle moet egter in gedagte hou dat die huidige gedeelte van 'n lening 'n invloed mag hê op die likiditeit van die onderneming, wat nie so goed is nie.

$$17. \text{ Opbrengs op eienaarsbelang} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{168\ 640}{\frac{1}{2}(554\ 462 + 530\ 612)} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{168\ 640}{542\ 537} \times \frac{100}{1}$$

$$= 31,1\%$$

18. Persentasie verdienste van vennoot

$$= \frac{\text{Totale verdienste van vennoot}}{\text{Gemiddelde vennoot se ekwiteit (belang)}} \times \frac{100}{1}$$

Vennoot Mac

$$= \frac{80\ 000 + 7\ 500 + 4000 - 7\ 716}{\frac{1}{2}(290\ 000 + 260\ 000 + 10\ 506 + 15\ 412)} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{83\ 784}{287\ 959} \times \frac{100}{1}$$

$$= 29,6\%$$

Vennoot Adam

$$= \frac{84\ 000 + 6\ 000 - 5\ 144}{\frac{1}{2}(260\ 000 + 260\ 000 - 4\ 800 - 6\ 044)} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{84\ 856}{254\ 578} \times \frac{100}{1}$$

$$= 33,3\%$$

19. Kommentaar op die opbrengs op belegging:

- Die onderneming het 'n opbrengs van 31,1%. Dit is goed.
- Albei vennote behoort tevrede te voel met die opbrengs op hulle belegging. Dit is die moeite en die risiko werd.
- In vergelyking met ander beleggingsvorms is dit 'n goeie persentasie.